I just want to ask one more question, do you think that Prof. Simson specially mentioned it in his summary because it was of no significance? --- Well, it was our understanding at our meeting that we would not discuss the significance of any of these observations.

COURT ADJOURNS.

DIE HOF HERVAT OM 2 NM.

FREDERIK JOHANNES SWART b.v.

S.A. VERHOOR: Mnr. Swart, u is 'n verslaggewer verbonde aan Rapport koerant in Johannesburg, is dit korrek?--- Dit is korrek.

Mnr. Swart, ek gaan aan u toon 'n koerant uitknipsel Bewysstuk T, wat hier ingehandig is al vroeër in hierdie ondersoek. Het u hierdie berig geskrywe in Rapport gedateer 31 Oktober 1971? --- Ja, ek het die berig geskryf.

Die berig soos u hom geskryf het is net so vervat in die koerant ?--- Ja, dit is net so.

DIE HOF: Is die berig soos verskyn in die koerant die berig soos u dit geskryf het? --- Kan ek net 'n geleentheid kry om dit deur te lees?

Ja. --- Ek het die berig geskryf soos hy hier verskyn behalwe vir die laaste vier paragrawe, dit is kommentaar van die sub-hoof "Dure plig ....

Behalwe vir die laaste 4 paragrawe? --- Ja.

S.A. Onder die opskrif "Die dure plig? --- Ja.

DIE HOF: Die opskrif is wat? --- Die opskrif is "Dure plig".

Van "Dure plig" na ondertoe, dit is nie joune nie? --- Ja, dit het ek nie geskryf nie.

S.A. Mnr. Swart, ek wil u getuienis in hierdie verband beperk slegs vanaf die swart gedrukte letters 'In Pretoria het generaal Stoffel Buys gister by die Speurderhoofkwartier die volgende gesê, kan u vir ons daardie hardop uitlees asse-

/ blief ...

blief van daar af.--"In Pretoria het generaal Buys gister by die Speurderhoofkwartier aan Rapport gesê dat die nadoodse ondersoek voor die Landdros sal bewys dat Ahmed Timol deur niemand aangerand is nie. Hy is ook nie gedreig nie. In die kantoor op die tiende verdieping was 'n mees ontspanne atmosfeer wat 'n mens jou in sulke omstandighede kan voorstel, het hy gesê. Ahmed Timol het rustig op 'n stoel gesit, daar was veiligheidsmanne by hom. Twee van hulle het in 'n stadium uit die stadium gestap. Toe vlieg Timol skielik op en mik na die deur. Die een veiligheidsman het opgespring en na die deur gehardloop om hom te keer maar die Indiër storm toe op die venster af en spring deur. Niemand het hom bang gemaak of aan hom geraak nie. Die lykskouing sal dit bewys".

Dit is genoeg dankie. Nou hierdie gedeelte wat u gelees het, in die kantoor op die 10de verdieping" en wat daarop volg wat tussen aanhalingstekens staan, waar het u dit vandaan gekry? --- Ek het met generaal Buys in sy kantoor gesels.

DIE HOF: Het jy gesels met hom of met wie? --- Met generaal buys ja.

In ander woorde het generaal Buys jou die inligting gegee? --- Ja.

S.A. Weet u waar hy die inligting vandaan gekry het? --- Hy het nie vir my gesê nie.

Hy het net vir jou hierdie storie vertel? --- Ja.

En dit is verbatim wat hy aan jou gesê het wat jy hier gepubliseer het? --- Kyk ek het nie notas gemaak van wat hy vir my gesê het nie, dit was 'n baie kort mededeling gewees, ek het nie na generaal Buys toe gegaan hiervoor nie.

O ek sien, so hierdie wat tussen aanhalingstekens

/ is ...

is is nie wat hy .. dit is nie sy verbatim woorde nie? --- Dit is nie eenhonderd persent wat hy gesê het nie maar ek was tevrede dat dit die strekking is van wat hy gesê het.

En u het nie vir hom gevra waar hy sy inligting gekry het nie? --- Nee.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

MNR. BIZOS KRUISVERHOOR: Mnr. Swart, as iemand aanhalingstekens gebruik word hulle gebruik om te bewys dat die woorde wat die persoon gebruik het in die koerant verskyn? --- Ja, dit word daarvoor gebruik.

DIE HOF: Aanhalingstekens in ander woorde beteken dat dit die verbatim woorde is? --- Nie noodwendig die verbatim nie, as ek tevrede is dat dit die strekking van die woorde is dan gebruik ons dit.

Nie noodwendig verbatim nie? --- Nee.

MNR. BIZOS: Maar wat is dan die doel van die aanhalingstekens, mnr. Swart, as dit nie die verbatim woorde van die spreker is of die persoon met wie jy die onderhoud gehou het? --- Die bedoeling is dat dit 'n beter indruk gee van 'n sekere persoon wat praat, 'n persoon met wie jy 'n onderhoud het wat praat.

Maar u het wel met die generaal gepraat? --- Ja.

En u het wel notas gemaak van wat hy gesê het? --- Nee, ek het nie notas gemaak nie.

U het nie notas gemaak nie? --- Nee.

Hoelank na u met die generaal gepraat het het u die berig neergeskryf? --- Dit is moeilik vir my om te sê, ek weet nie presies watter dag, ek het hierdie berig geskryf op 'n Saterdag. Ek het heelwaarskynlik op 'n Vrydag met generaal Buys gesels.

DIE HOF: Met ander woorde, die vorige dag? --- Die vorige

/ dag ...

dag ja. Ek het later weer na generaal Buys geskakel ook, telefonies, om verder met hom te gesels met die ding na ander inligting wat ek gehad het en dit was na die twee verskillende, die telefoniese en die onderhoud, dit was seker 24 uur daarna wat ek dit geskryf het.

MNR. BIZOS: En het u aan die generaal oorgelees wat u geskryf het? --- Nee.

En hom gevra om te bevestig wat daar staan? --- Nee, ek het dit nie gedoen nie.

Nou was u tevrede voor u die berig aan die redakteur oorhandig het dat dit wel die korrekte indruk sal aan die lesers van Rapport gee? --- Ja.

Van wat die generaal gesê het. Nou is dit gewoonlik om nie notas te neem as iemand met so 'n belangrike persoon oor so 'n belangrike saak gesels, mnr. Swart? --- Hierdie was 'n taamlik uitsonderlike geval. Kyk ek het nie met generaal Buys eerstens gaan gesels hieroor nie en ek het geweet 'n mens sal waarskynlik baie min inligting kry oor die dood van Timol. 'n Mens neem notas wanneer jy gewoonlik 'n afspraak gereël het vooraf en dit is nie 'n baie omstrede saak nie en jy weet die mense sal onbevange gesels. Maar in hierdie geval, en dit gebeur ook dikwels andersins, dat wanneer 'n mens 'n notaboek uithaal en jy neem notas dan beperk dit wat die mense vir jou sê. Dit is nou maar net joernalistieke praktyk dat 'n mens soms nie notas neem nie. In hierdie geval met generaal Buys het ek generaal Buys gaan gelukwens omdat hy generaal-majoor geword het, hy is daardie selfde oomblik bevorder of hy is, of net voor ek in sy kantoor ingestap het het dit tot sy kennis gekom dat hy bevorder is en ek het hom gaan gelukwens. En ek het dit net gewaag om die Timol ding vir hom te noem in

/ die ...

die hoop dat ek inligting sal kry en hy het opgestaan en hy het vir my gesê man al wat gebeur het is dit en dit was 'n mededeling van omtrent 'n minuut. Dit was nie 'n lang onderhoud nie, dit was net 'n kort mededeling gewees.

Maar het u nie notas geneem van die feit dat hy nou generaal-majoor is en was u verantwoordelik vir die ander deel van of 'n ander berig in dieselfde koerant? --- Ja. Dit het ek nie notas voor nodig gehad het nie, ek het dit uit my kop geskryf.

DIE HOF: Watter een is dit? --- Dit is die storie onder die kop "Buys nou generaal-majoor".

MNR. BIZOS: En het hy gelyktydig aan u die berig in verband met Timol gegee? --- Ja.

En u het terug na u kantoor gegaan en dit daar geskryf? --- Nee, ek het nog probeer inligting kry oor die hele aangeleentheid, ek was hier byvoorbeeld na Lenasia toe gewees.

Het dit onder jou aandag gekom, mnr. Swart, dat wat wel in Rapport verskyn het op die 31ste Oktober teenstrydig is met die verklarings van die polisiebeampte wat wel daar was? --- Bedoel u die inligting wat in die verloop van hierdie ondersoek na vore gekom het?

Na die ondersoek begin het.

DIE HOF: Het u lateraan verneem daar is, dat daar 'n mate van verskil bestaan in die berig soos die Rapport dit gepubliseer het en wat gesê is in hierdie Hof aangaande hoe die voorval plaasgevind het? --- Ek het die saak nie so baie noukeurig gevolg nie want ek het baie ander dinge gehad wat ek gedoen het maar wat betref ons berig, toe ek dit in een van die koerante gelees het dat ek waarskynlik gevra sal word om te kom getuig en na aanleiding daarvan

/ het ...

het ek gedink daar is waarskynlik getuienis wat gekorreleer moet word. Ek het gedink dit is waarskynlik om my getuienis te korreleer met wat iemand anders gesê het.

MNR. BIZOS. U is dus bewus van die, dat dit nou 'n belangrike feit is of u aan die lesers van Rapport 'n korrekte berig geskryf het of nie? --- Ja.

En wat sê u, het u 'n korrekte berig geskryf, mnr. Swart? --- Ek sê ek het ja. Met die inligting tot my beskikking het ek definitief.

Nou die Timol saak was 'n saak wat baie in die ander koerante ook bespreek was, nie waar nie? --- Ja.

En is dit gewoonlik van beriggewers van een koerant en die ander koerante te lees? --- Ja.

Nou het u die volgende oggend, die Maandagoggend in die koerant, in die Daily Mail gelees dat generaal Buys sou gesê het dat u berig korrek was? --- Ja, ek dink ek het dit gesien. As dit so staan in die Mail dan het ek dit gesien.

U het die berig daar gelees. Kan u onthou dat u die Maandag gelees het ... "The police did provide further information about the death of Mr. Timol to a Nationalist Sunday newspaper", you don't have to profess the independence of your paper, it is not the important part. "Yesterday, Major-General C.A. Buys, Chief of the C.I.D. and in charge of the investigation into Mr. Timol's death confirmed that he had been correctly reported in Rapport". Do you remember reading that? --- Ja, ek het dit heelwaarskynlik gelees, ek het daardie berig gelees ja.

Van die tyd wat u gelees het dat u sal heelwaarskynlik moet getuienis kom gee, is u genader deur enige persoon, enige lid van die Mag of soiets in verband met die berig, mnr. Swart? --- Nee.

/ It ...

It may be, your Worship, that theRand Daily Mail report will be proved but for the sake of convenience it might be as well to put that in as an Exhibit.

COURT: It will be EXHIBIT NN

MR. BIZOS: There were about three or four reports, I think I will put in everything relating to the Timol Inquest on that morning.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

MNR. CILLIERS KRUISVERHOOR: Mnr. Swart, mnr. Bizos het vir u gevra om die berig deur te lees en vir sy Edelagbare te sê of dit is soos u dit geskryf het en u het gesê ja behalwe vir die laaste vier paragrawe wat onder die opskrif "Dure plig" staan? --- Ja.

Kan u onthou wanneer dit gepubliseer was? --- Dit was die Sondag net nadat Timol dood is.

Die 31st Oktober 1961? --- Ja.

Wel dit is nou al oor die sewe maande? --- Ja.

Wil u op geheue staatmaak en vir sy Edelagbare onomwonde sê dat soos hy daar staan, woord vir woord behalwe die deel onder die opskrif "Dure plig" is soos u hom geskryf geskryf het? --- Sover as ek kan onthou dink ek dit is reg.

U kan nie instaan vir die presiese bewoording nie, kan u? --- Nee maar soos ek sê sover as wat ek kan onthou sal ek sê ...

U geheel indruk is dat dit is soos wat u dit geskryf het, is dit nie waar nie? --- Ja,

Is dit die nagredakteur wat finaal die vorm van die berig, oor die vorm van die berig beslis? --- Dit is die nuusredakteur en die hoofredakteur.

Dus u berig kom voor 'n redakteur? --- Ja.

Ek dink dit is nie honderd persent gestel nie,

/ gebeur ...

gebeur dit dat hulle verander aan die manier wat dit opgestel word? --- Ja.

En kan u enige waarborg hê dat hier geen veranderings aan hierdie berig gemaak is deur 'n redakteur nie? --- Nee.

Dus dit kan wees? --- Ja.

Goed, u het vir generaal Buys oor 'n ander doel gaan sien sê u in sy kantoor. Het u hom in sy kantoor in Pretoria gesien ? --- Ja, binne in sy kantoor.

U Edelagbare sal verstaan dat in die afwesigheid van die generaal kan ek nie elke besonderheid waarop ek nie 'n instruksie het stel nie.

Dus u het definitief die generaal oor 'n totaal ander doel gaan sien as oor die Timol voorval? --- Ja.

En u sê die gesprek of gesprekkie wat daaroor plaasgevind het het maar sowat 'n minuut geduur? --- Ja.

So daar was geen besonderhede eintlik vervat in daardie gesprek nie, was daar? --- Nee.

Vir soverre u daardie punt aangeraak het met generaal Buys, is dit nie die aangewese of sal ek dit so stel, was dit nie redelik om aan te neem dat die hoofdoel van die navraag was het hy selfmoord gepleeg aldan nie, was dit nie die groot punt van nuuswaarde nie? --- Ja.

As die generaal gesê het daaris rede om gemene spel te vermoed dan sou dit ook weer op sy eie nuuswaarde gehad het, nie waar nie? --- Beslis ja.

Dus wat ueintlik by die generaal wou vasstel is is dit selfmoord of is dit gemene spel? --- Ja.

En as u daardie antwoord gehad het dan het u eintlik die besondere inligting gehad wat u in die koerant wou weergee, nie waar nie? --- U bedoel as ek sou gehoor het dat dit gemene

/ spel ...

spel was?

Of gehoor het selfs .. wat ookal die antwoord is? --- Ja.

Dit is eintlik die punt wat u wou tuisbring? --- Ja.

Was dit vir u enigsins van belang of dit gesê word dat Timol vandie tafel af na die deur beweeg het en toe na die vensterof om die tafel, eenkant om of anderkant om, die presiese geografiese bewegings, was dit eintlik van enige werklike belang met die doel wat u voor oë gehad het? --- Dit was nie vir my van so kardinale belang nie, as hy dit vir my gegee het sou ek dit gebruik het want ek het gedink mense sal die besonderhede graag wil lees.

Daar word besonderhede gemeld in hierdie berig, wat ek vir u stel is of dit hoofsaak by u was is dit selfmoord of is dit gemene spel? --- Ja.

En as die generaal vir u gesê het Timol is links om die tafel in plaas van regs om die tafel, is dit in detail indien die generaal dit vir u gesê het, links om die tafel of regs om die tafel, dan sou hierdie geografiese besonderheid nie veel nuuswaarde as sodanig hê nie, korrek? --- Nee, want as hy gesê het links om die tafel of regs om die tafel sou vir my gebly het om die tafel.

Dit is maar dieselfde ding. --- Ja.

Die presiese bewegings in ander woorde was eintlik maar detail vir u gewees? --- Ja.

Dit is op sigself nie iets waarop u noukeurig hoef te gelet het nie? --- Ek het ook geweet dat die generaal nie sal geenie, ek het dit min of meer beskou as 'n flush in the pan toe hy vir my net gesê het kyk wat gebeur het is dit, die man het so gemaak en so gemaak en dit was baie vinnig.

/ En ...

En u het eers ongeveer 24 uur daarna die berig geskryf? --- Ja.

Sou u waarborg dat die besonderhede wat u wel verstrek het honderd persent korrek is of kan daar 'n fout ingesluip het? --- Daar kan 'n fout ingesluip het maar ek sê dit was vir my, wat ek geskryf het, ek was tevrede dat dit die belangrikste dinge was.

Maar selfs in die dele wat u belangrik geag het kan daar in die detail nog 'n fout ingesluip het na 24 uur, nie waar nie? --- Ja.

My geleerde vriend het aan u gesuggereer dat waar 'n mens aanhalingstekens gebruik is jy besig om direkte spraak, met ander woorde die man se eie woorde weer te gee? --- Ja.

En u het gesê wel in hierdie geval is ditnie so nie want u het nie notas gemaak nie, u moes op geheue staat maak, ek dink nie u gee vir 'n oomblik voor dat u geheue so goed is na 24 uur om verbatim weergawe tekan weergee nie? --- Ja.

Is dit korrek? --- Ja, ditis korrek.

Maar u het tog gesê, mnr. Swart, dat u beskou dit as, die strekking daarvan as korrek? --- Ja.

En dit het u gesê in besonder met betrekking tot die deel in aanhalingstekens, die strekking daarvan is korrek? --- Ja, wat ek daarby bedoel is, ek het hierso gesê Ahmed Timol het rustig op'n stoel gesit...

Ons kan op besonderhede terugkom, mnr. Swart, ek knoop eintlik by iets anders aan op die oomblik. Ten spyte van die aanhalingstekens sê u dus dit is nie 'n verbatim verslag van die generaal se woorde nie? --- Nee, dit is nie verbatim nie.

En u sê daar kan foute in die besonderhede ingesluip het? --- Ja, moontlik.

/ Maar ...

Maar u sê tog het u gereken dat die strekking daarvan is korrek? --- Ja.

Nou wil ek vir u vra, mnr. Swart, het dit al voorheen gebeur dat waar u aanhalingstekens gebruik daar foute insluip met die aanhalingstekens, sover u weet? --- Ja, dit het al gebeur.

Het dit al gebeur dat daar ernstige fout insluip in die dele wat u aangehaal het of sogenaamd aanhaal? --- Hoe bedoel u?

Met ander woorde, het u al vantevore dinge tussen aanhalingstekens gesit waar dit ver afwyk, baie ver afwyk van die werklike korrekte ... --- Ek sou dit nie doen as dit baie ver afwyk nie want as jy nie aanhalingstekens gebruik nie dan is dit min of meer kommentaar of bespiegelinge wat jy skryf of as jy 'n sekere ding beskryf.

Maar u sê u sal nie ver afwyk as u aanhalingstekens gebruik nie? --- Nee, ek sal nie baie ver afwyk nie.

..... (geraas van papiere) .. hier is 'n Rapport van die 10de April 1971 as 'n voorbeeld? --- Ja.

U onthou 'n voorval wat u by die Carabelle Restaurant 'n cabaret vertoning bygewoon het waar daar 'n sogenaamde gedagteleser was, 'n "mind reader"? --- Ja.

Onthou u die kêrel? --- Ja.

Nou goed, laat ek vir u u eie berig wys; is dit u berig?

S.A. Dit sal wees BEWYSSTUK OO.

DIE HOF: Dit is die rapport van watter datum?

MNR. CILLIERS: Die 18de April 1971. Bladsy? --- 15.

DIE HOF: Is dit jou berig? --- Ja, ek het hom geskryf.

MNR. CILLIERS: Jy hoef nie die hele verslag te lees nie, lees

/ net ...

net daardie vetgedrukte opskrif van ongeveer vier reëls.
--- Heel bo?

Nee, die liggaam, die vet gedrukte deel, die eerste vier of vyf reëls daar. --- In Johannesburgse Carabelle Restaurant is snags laat 'n kabaret vertoning aan die gang wat 'n mens baie diep laat nadink oor wat een of ander groot skrywer, ek dink dit was Shakespeare bedoel het toe hy gesê het "there are more things between heaven and earth than this world dreams of".

Vertel ons 'n bietjie, nadat u gesê het u dink dit is Shakespeare is daar aanhalingstekens, nie waar nie? --- Ja.

"There are more things", lees aan? --- "Between heaven and earth than this world dreams of".

Wel laat ek die regte aanhaling lees, mnr. Swart. "There are more things in heaven and earth, Horatio, than are dreamt of in your philosophy". Dit is 'n baie wesenlike verskil in die bewoording, nie waar nie? --- Ja.

Dit is nou maar net 'n voorbeeld, nie waar nie, mnr. Swart waar ons uit u eie mond hoor dat u aanhalingstekens gebruik het as sou dit 'n goeie weergawe wees van wat 'n persoon gesê het en wat baie ver afwyk van die korrekte, nie waar nie? --- Ja.

Dus, mnr. Swart, dit is nie onbillik in die lig van u vorige prestasies om te sê dat 'n mens kan baie min afleiding maak van die korrektheid van iets wat u tussen aanhalingstekens plaas nie" As 'n mens nou daarna kyk? --- Ja, ek stem darem nie saam met die feit dat u hierdie nou so gebruik nie.

Maar u het dit tussen aanhalingstekens geplaas?

<u>DIE HOF:</u> Ek dink die getuie het vir ons baie duidelik gesê dat hy bereid is om toe te gee dat hy nie die verbatim woorde van generaal Buys gegee het nie, dat daar moontlik 'n fout kon

/ ingesluip ...

ingesluip het, dit is net natuurlik onder omstandighede.

MNR. CILLIERS: Ja, ek illustreer maar net want dit sal miskien nog geargumenteer word dat aanhalingstekens dui tog op korrektheid.

Nou wil ek vir u 'n weergawe stel, ek wil vir u vra kan dit wees wat die generaal vir u gesê het. Kan hy vir u gesê het daar was 'n rustige atmosfeer daar in die kamer en dat Timol het rustig op 'n stoel gesit en daar was veiligheidsmanne by hom. Twee van hulle het in 'n stadium uit die kamer gestap. Kan dit wees wat hy vir u in daardie minuut gesê het? --- Ja.

Kan dit verder wees, mnr. Swart, dat die generaal vir u gesê het, kan u u herinner of hy vir u gemeld het dat Timol gesê het hy wil na die toilet gaan? --- Nee, hy het dit nie gemeld nie.

Of kan u nie onthou of hy dit ... --- Nee, ek weet hy het dit nie gemeld nie want agterna was dit vir my seldsaam gewees dat hy ...

Kan dit wees dat hy vir u gemeld het dat Timol op een of ander wyse, sonder om die wyse te noem, die indruk geskep het dat hy sal na die deur se kant toe gaan? --- Ja.

En kan dit verder wees dat die generaal vir u gesê het is dat die Veiligheidsman het om die tafel beweeg, net om die tafel beweeg of moontlik links om die tafel beweeg om saam met Timol te gaan? --- Ja. Wel hy kon dit maklik gesê het.

En kan dit wees dat die generaal vir u gesê het is dat toe vlieg Timol na die venster toe, toe beweeg hy vinnig na die venster se kant? --- Ja.

Kan dit verder wees dat die generaal vir u gesê het dat die veiligheidsman is terug om die tafel om hom te probeer vang, terug in die rigting vanwaar hy gekom het, kan dit

/ wees ...

wees? --- U sien hy het 'n baie kort mededeling aan my gemaak.

Ek vra net vir u of dit moontlik is, kan dit wees of kan dit nie wees nie dat hy vir u dit so beskrywe het? --- Dit kan wees dat hy dit gesê het, u weet ek kan nie spesifiek...

U kan dit miskien nie onthou nie maar kan dit wees dat die generaal dit so gestel het? --- Ja.

En dat Timol toe deur die venster is voor die veiligheidsman hom in die hande kon kry? --- Ja, hoedat die veiligheidsman, sy bewegings presies was, dit kan ek nie presies sê nie, dit kon ek nie uit generaal Buys se mededeling aflei nie.

As u sê uit die kort mededeling van generaal Buys kon u nie aflei presies hoe die twee persone, Timol en die veiligheidsman, relatief tot mekaar beweeg het nie? --- Ja, u weet as hy nou vinnig vir jou 'n ding sê dan ry jy nou terug, ek het 'n fotograaf by my gehad in sy kantoor en dan ry jy nou terug en dan dink jy oor wat hy gesê het en dit was vir my bloot 'n kwessie gewees van Timol het gesit, ek het nie geweet in watter posisie was die tafel nie, ek het nie geweet waar het hy gesit nie, ek het dit ook nie gevra nie. Timol het gesit en hy het opgestaan en dit het gelyk of hy by die deur wil uitgaan en 'n veiligheidsman daar wou hom keer by die deur en toe gaan hy deur die venster, maar die indruk wat ek gehad het was, reg of verkeerd, was Timol het opgestaan en dit het gelyk asof hy by die deur gaan uitloop en toe gaan hy nie by die deur nie, toe gaan hy deur die venster.

Met ander woorde, die indruk wat die generaal geskep het is Timol staan op, vir een of ander rede word die indruk geskep hy wil na die deur toe beweeg? --- Ja.

En in plaas van na die deur beweeg is hy toe deur die venster? --- Ja.

/ En ...

En is dit al eintlik wat u uit die generaal gekry het? --- Dit is al wat ek eintlik uit hom uit gekry het.

U het nie presiese bewegings om die twee relatief tot mekaar ... --- Hy hetniks, ek sê vir u dit was 'n baie kort mededeling gewees.

En het hy ook gesê op watter stadium Timol dan nou baie vinnig sou beweeg het of baie stadig sou beweeg het? --- Nee.

En of die Veiligheidsman baie vinnig of baie stadig beweeg het? --- Nee, hy het niks daarvan gesê nie.

Met ander woorde, as die indruk dan is dat Timol skep die indruk hy wil deur toe en in plaas van deur toe gaan hy toe venster toe, dan is die woorde vlieg Timol skielik om, gaan dit dan bietjie verder as wat die generaal gesê het? --- Ja, dié vlieg het ek waarskynlik maar net gesê omdat dit vir my gelyk het of 'n man sal opvlieg as hy regtig wil uitspring.

Dit is maar 'n afleiding wat u gemaak het? --- Dit is 'n afleiding ja.

En hierdie mik na die deur, is dit dan maar u weergawe van wat die generaal gesê het hy het die indruk geskep dat hy om een of ander wyse dat hy sal deur toe gaan? --- Ja, dit is korrek, as ek gesê het hy mik na die deur is dit bloot,as dit lyk of hy na die deur gaan, dan lyk dit of hy mik na die deur toe, dit hoef nie so te maak nie.

En dan die woorde dat die veiligheidsman het opgespring is ook maar weer 'n afleiding want die generaal het nie gesê of hy vinnig beweeg het of stadig beweeg het nie? --- Nee.

En die woorde na die deur gehardloop, is dus dan ook maar weer 'n afleiding½ --- Dit is bloot 'n kwessie van

/interpretasie ...

interpretasie van wat hy vir my gesê het, dit is my vertolking van wat hy vir my gesê het.

Soos miskien 'n goeie verslaggewer dramatiseer u eintlik die ding 'n bietjie? --- Dit is reg, dit is nie te veel gedramatiseer nie maar dit is bietjie gedramatiseer.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

S.A. HERVERHOOR: Mnr. Swart, u het later die aand vir generaal Buys na sy huis toe gebel? --- Ja.

En u het met hom oor die telefoon gepraat? --- Ja.

So as hy so gesê het dit is heeltemal korrek, in die Hof voordat hy inmekaar gesak het? --- Ja, ekhet hom geskakel maar dit was weer nadat ek ander inligting gehad het.

En u het geen verklaring afgelê in verband met hierdie ondersoek nie, u gee nou getuienis? --- Ek het geen verklaring afgelê nie.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

MNR. BIZOS KRUISVERHOOR: Is u 'n senior man, mnr. Swart? --- Ek is senior verslaggewer.

En dit was 'n berig, was dit op die eerste bladsy? --- Dit was 'n voorbladberig ja.

En dit was nie toevallig, was dit, dat u oor Timol met die generaal gepraat het nie, voor dit u het 'n onderhoud gehad het Brig. Kruger, nie waar nie? --- Ja.

En u het ook 'n fotograaf gehad wat op Bewysstuk T verskyn van John Vorster Square? --- 'n foto, ja.

Waar het u die foto gekry? --- Die foto is deur 'n fotograaf van my geneem.

'n Polisie foto? ---Nee, dit is 'n Rapport fotograaf wat dit geneem het.

Het iemand ooit aan u gekla dat u berig nie korrek

/ was ...

was na dit verskyn het? --- Niemand het gekla nie.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

---

JONATHAN GLUCKMAN (s.u.o.)

MR. CILLIERS (cont.): Dr. Gluckman, can you give his Worship any idea of approximately how long it would take for keratin to appear at the point where the two epithelial tongues meet after they have met, over that area? --- Are you talking generally or ...

No, generally? --- The question is keratin at the margins ?

No, keratin at the point where the two epithelial tongues meet, taking a point, where they meet, first one to two cell layers thick, now how long it will take the keratin to appear over that point? After they have met? --- Well, obviously this is a function of the rate of growth of the epidermis, generally its rate of maturation, the way it proceeds up from the basal cells to the surface, I don't know that we have knowledge of that. I think it would be speculative on my part to say that, it would vary from individual to individual and I would say it is a fairly rapid growth but I don't know.

Now in regard to A you describe under (c) Dr. Schepers' portion as you have examined it and you say " on newly-developed underlying epithelium which was up to 5 - 6 cell layers in thickness", have you got that passage? --- Yes.

Now we have Robertson's view that in the case of a small abrasion complete epithelial covering at first one to two cell layers thick is something which, as Robertson puts it, develops after day 4 or 5? --- From where are you quoting?

I'm quoting from the top, I'm paraphrasing from the top of page 22 of Robertson, he puts it this way,

/ " In ...

**Collection Number: A3388**

**Collection Name: Ahmed Timol Inquest, records, 1971-1972**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive**
*Location:* **Johannesburg**
**©2015**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive held at the Ahmed Kathrada Foundation.